



Geskiedenis

Die Trans Atlantiese Slawehandel

Memorandums

Graad 7 – Kwartaal 2

Aktiwiteit 13.1: Waar of Vals p.88

Bestudeer Bron A en identifiseer watter van die volgende stellings waar of vals is.

Gee in elke geval 'n rede vir jou antwoord.

a) Wes-Afrikamense het hul welvaart en mag gewys deur baie grond te besit.

Vals – Wes-Afrikane is nie toegelaat om grond te besit nie, in plaas daarvan het hulle baie slawe besit.

b) Sommige Afrika-slawe is baie goed behandel en het belangrike werk gehad.

Waar – Hulle het as regeringsamptenare en selfs koninklike raadgewers opgetree.

c) Sommige Afrika-slawe het 'n baie moeilike werk gehad.

Waar – In die gedeeltes is werk in myne as net 'n bietjie minder begeerlik beskou as om in godsdienstige seremonies gedood te word.

d) Dit was net Nie-Afrikamense wat by slawehandel (as kopers en verkopers) betrokke was.

Vals – Krygsgevangenes is slawe gemaak en Afrika-mense het hul welvaart gewys met die aantal slawe wat hulle besit het.

Aktiwiteit 13.2: Plantasies in die Amerikaanse Suide p.89

Bestudeer Bron B en identifiseer ten minste twee state wat elk van die volgende gewasse geproduseer het:

a) Katoen

Suid-Carolina / Georgia / Alabama / Mississippi / Louisiana / Texas / Florida

b) Suikerriet

Louisiana / Florida

c) Rys

Georgia / Suid-Carolina

d) Tabak

Virginia / Noord-Carolina

Aktiwiteit 13.3: Hoe is slawe gevang, van Afrika af vervoer

en verkoop?

p.94 - 95



Lees die onderskeie vrae aandagtig deur, bestudeer die gepaste bronne en skryf jou antwoord so volledig as moontlik neer.

1. Bestudeer bron C:

Waar is Olaudah Equino en sy suster gevang?

[1]

By die huis terwyl hulle ouers op die landerye gewerk het.

2. Equiano se storie is 'n primêre bewys. Dit beteken dat hy daar was toe dit gebeur het.

Is die inligting hieroor meer geloofwaardig?

Verduidelik hoekom jy so sê.

[2]

Ja, hy het gevangenesneming ervaar. Daar is geen rede om te glo dat hy nie die waarheid vertel oor wat gebeur het nie.

3. Bestudeer Bron D:

Waarom was dit byna onmoontlik vir slawe wat gevang is om weg te hardloop wanneer hulle na die skepe geneem is?

Gee twee redes vir jou antwoord.

Hulle is saam vasgebind met stokke om hul nekke.

Die mans wat hulle bewaak het, het gewere gehad.

(Enige twee)

Hulle was bang en verward.

Hulle het nie geweet waarheen hulle sou gaan nie.

[2]

4. Is vroue en kinders enigsins anders as mans op die tog na die kus behandel?

Verduidelik jou antwoord deur na bewyse in die prent te soek.

[1]

Ja, hulle is nie vasgebind nie. Hulle het los geloop, omdat hulle na die kinders moes omsien en ook omdat hulle nie as n bedreiging gesien is nie.

5. Bestudeer Bron E:

Hoe laat hierdie prent ons die verskriklike toestande aan boord die skepe gedurende die seevaart oor die Atlantiese Oseaan verstaan? (Dink aan higiëne, ongemak en vernedering)

[2]

Baie oorvol toestande

Water in die skeepsruim.

Wiegende see wat hulle siek laat voel het.

Geen toilette of wasgeriewe nie.

Geen vars lug onder die dek nie.

Min kos en walglike omgewing om in te eet.

6. Bestudeer Bron F:

a) Hoeveel slawe was die Brookes gelisensieer om te dra?

[1]

454

b) Hoeveel slawe het hy op sy 1782 seevaart gedra?

[1]

609

c) Wat was die doel van hierdie diagram?

[1]



Die diagram is bedoel om mense te skok deur vir hulle die wrede, onmenslike, oorvol toestande aan boord n slaweskip te wys.

d) Waarom kon die doel van die diagram dit minder betroubaar gemaak het?

[1]

Die mense wat die diagramme geteken het, mag dalk die oorvol toestande oordryf het. Verder mag die Brookes dalk nie die tipiese slaweskip wees nie, maar die uitsondering en dus baie erger as ander slaweskepe.

7. Bestudeer Bron G:

a) Gee een rede, waaraan jy kan dink, waarom die meisie nie wou eet nie?

[1]

(Eie mening) Verlange na die huis / familie.

Hartseer

Seesiek

Afstootlike kos

Walglieke omstandighede / area om in te eet.

- b) Isaac Cruikshank, spotprenttekenaar, het nie slawehandel ondersteun nie.

Verduidelik hoe die tekening dit wys.

Hy het so 'n brutale prent geteken wat mense in Engeland sou geskok het.

Hy kies om twee mans te wys wat n jong, magtelose meisie martel.

Die twee mans is soos 'Engelse here' aangetrek, maar die prent impliseer geen optrede soos van 'n heer verwag nie.

Die swepe op die grond en die verskrikking van die naakte vrouens en die vernedering van die meisie wat hang, is alles tekens van on-Engelse gedrag.

8. Bestudeer Bron H:

- a) Aan watter groep mense in die tekening se kant was Bibb? Slawe of Eienaar/Verkoper/Koper [1]

Slawe

- b) Hoe wys hy dit in die prent? [1]

Hul verdriet en desperaatheid word gewys deur die manier waarop hulle geteken is: Op hul knieë, pleitend om hulp / smekend om nie hul gesin op te breek nie.

- c) Waarom dink jy was Bibb aan daardie kant? [1]

Hy was self 'n slaaf en sou eerstehands oor hul gevoelens weet. Bibb was 'n aktivis teen slawerny.

Aktiwiteit 13.5: Die Trans Atlantiese Slawehandel

p.97



Bestudeer die meegaande kaart en beantwoord die vrae:

1a) Hoekom het hierdie handel as die Trans-Atlantiese Slawehandel bekend gestaan?

Die handel het oor die Atlantiese Oseaan plaasgevind.

1b) Hoekom het hierdie handel as die Slawe-driehoek bekende gestaan?

Die drie punte van die driehoek:

Slawe van Wes-Afrika → Produkte van Amerikaanse plantasies →

Vervaardigde goedere van Brittanje

Aktiwiteit 13.6: Statistiek as bewys

p.98 - 99

Bestudeer die sirkelgrafiek en tabel in die vorige skyfie en beantwoord die vrae wat volg:

1) Bestudeer die sirkelgrafiek. In watter eeu, volgens die grafiek, het die Atlantiese slawerny begin?

15de eeu

2) Watter woord wat in die tabel gebruik word, wys vir ons dat slawe as goedere, nie mense nie, beskou is?

...uitvoere...

3) Gedurende watter 100 jaar, of eeu, het die Atlantiese slawerny sy piek (hoogtepunt) bereik?

1701 – 1800 / 18de eeu

4) Rangskik die inligting in Tabel 1 in 'n tabel met die land waarvandaan die meeste aantal slawe afkomstig was, bo-aan en die land(e), met die kleinste aantal onder aan die tabel.

| Land van afkoms | Aantal mense |
|--|--------------|
| Kongo / Angola | 3 000 000 |
| Benin tot Calabar | 2 000 000 |
| Senegambië (insluitend Arguin), Sierra Leone | 2 000 000 |
| Slawekus (Dahomey, Adra, Oyo) | 2 000 000 |
| Goudkus (Ashanti) | 1 500 000 |
| Mosambiek / Madagskar | 1 000 000 |
| Loango | 750 000 |
| Kameroen / Gaboen | 250 000 |
| Ivoorkus | 250 000 |
| Windward-Kus | 250 000 |
| Totaal | 13 000 000 |

5) Watter hedendaagse lande het, gebaseer op jou tabel, die meeste mense verloor?

Kongo en Angola

6) Van waar is hierdie statistieke, of getalle, in Tabel 1 afkomstig? Kan ons aanneem dat die getalle hier aangetoon, akkuraat is? Verduidelik.

DuBois se databasis van slawevaart.

Ja, ons kan dit as akkuraat beskou, want die statistiek is vergelyk met ander databasisse van 35 000 slawe-ekspedisies. Daar is geen bewys dat hulle onakkuraat was nie.